<p>Titel: Onderwysbewegingskunde</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n soliede kennisbasis van die terminologie, benaderings, konsepte, beginsels en teorieë met verwysing na oefenkunde as teoretiese onderbou, en opvoedkundige ritmiese- en dans-aktiwiteite as praktiese basis van Bewegingskunde te demonstreer; • die vermoë om verskeie temas in oefenkunde as teoretiese onderbou, en opvoedkundige ritmiese- en dans-aktiwiteite as praktiese basis van Bewegingskunde te demonstreer; te identifiseer en daarvolgens effektief aktiwiteite te beplan wat van toepassing is en wat 'n duidelike begrip van die verskillende benaderings, terminologie en konsepte binne die konteks van Bewegingskunde demonstreer; • die vermoë te demonstreer om die verworwe kennis te gebruik om goed-gedefinieerde probleme in verband met oefenkunde op te los, en om kreatiewe lesse te beplan en aan te bied vir spesifieke aanwending in die onderrig van fisieke fiksheid-, ritmiese- en dans aktiwiteite, deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese vaardighede, en bewys te lewer van die teoretiese begronding; en • eties verantwoordelik en waardegedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot oefenkunde en die onderrig van fisieke fiksheidsaktiwiteite en opvoedkundige ritmiese en dans aktiwiteite. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: MOVE221	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 5b
<p>Titel: Onderwysbewegingskunde</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n soliede kennisbasis van die terminologie, reëls, konsepte, beginsels en teorieë met verwysing na sportbestuur as 'n teoretiese basis, en progressiewe sport- en spele-aktiwiteite as 'n praktiese basis van Bewegingskunde te demonstreer; • die vermoë te demonstreer om essensiële teorieë en teks met betrekking tot sportbestuur as 'n teoretiese basis van Bewegingskunde te interpreteer, verander, evalueer en toepas, en om verwante aktiwiteite tot die onderrig van progressiewe sport en spele te identifiseer en effektief te beplan as 'n praktiese grondslag van Bewegingskunde; • die vermoë te demonstreer om die verworwe kennis te gebruik om goed-gedefinieerde probleme in verband met sportbestuur op te los, en om kreatiewe lesse te beplan en aan te bied vir spesifieke aanwending in die onderrig van progressiewe sport- en spele-aktiwiteite, deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese vaardighede, en bewys te lewer van die teoretiese begronding; en • eties verantwoordelik en waardegedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot sportbestuur en die onderrig van progressiewe sport en spele. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: MOVE311	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 6
<p>Titel: Onderwysbewegingskunde</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n goed afgeronde en sistematiese kennisbasis van die terminologie, konsepte, beginsels, teorieë en die verloop van die leerder se perseptueel- en groot-motoriese ontwikkeling asook talent-identifisering voor en gedurende die leerder se skoolloopbaan, as 'n teoretiese basis van Bewegingskunde te demonstreer; • die vermoë te demonstreer om essensiële teorieë en teks met betrekking tot perseptueel- en groot-motoriese ontwikkeling en talent-identifisering te interpreteer, omvorm, te evalueer en toe te pas, as 'n praktiese basis van Bewegingskunde; • die vermoë te demonstreer om die verworwe kennis te gebruik om onbekende, konkrete en abstrakte probleme in verband met die assessering van perseptueel- en groot-motoriese ontwikkeling en talent-identifisering op te los, en om remediërende bewegingsaktiwiteite met spesifieke verwysing na motoriese probleme, te beplan en aan te bied, deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese vaardighede, en bewys te lewer van teoretiese begronding; en • eties verantwoordelik en waardegedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot motoriese ontwikkeling, remediërende motoriese ontwikkeling en talent-identifisering. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: MOVE321	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 6
<p>Titel: Onderwysbewegingskunde</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n goed afgeronde en sistematiese kennisbasis van die terminologie, reëls, konsepte, beginsels en teorieë met betrekking tot sportbeseerings as 'n teoretiese basis; en rekreasie-gebaseerde bewegingsaktiwiteite as 'n praktiese basis van Bewegingsopvoeding te demonstreer; • die vermoë te demonstreer om essensiële teorieë en teks met betrekking tot sportbeseerings, as 'n teoretiese basis, te interpreteer, omvorm, evalueer en toe te pas; om verwante aktiwiteite in die onderrig van rekreasie-gebaseerde bewegingsaktiwiteite te identifiseer en effektief te beplan as 'n praktiese basis van Bewegingsopvoeding; • die vermoë te demonstreer om die verworwe kennis te gebruik om onbekende, konkrete en abstrakte probleme in verband met sportbeseerings op te los, en om kreatiewe lesse, wat spesifiek van toepassing is op die onderrig van rekreasie-gebaseerde bewegingsaktiwiteite, te beplan en aan te bied, deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese vaardighede, en bewys te lewer van die teoretiese begronding; en • eties verantwoordelik en waardegedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot sportbeseerings en die onderrig van rekreasie-gebaseerde bewegingsaktiwiteite. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: MTED211	Semester 1	8 Krediete	NKR-Vlak: 5b
<p>Titel: Meganiese Tegnologiemetodiek</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis van die NKV beleid vir Meganiese Tegnologie in die VOO-fase te kan demonstreer; • kennis en vaardighede in probleemgebaseerde onderrigbenaderings te kan demonstreer; en • die vermoë om gepaste tegnologie lesse volgens die unieke metodologie van tegnologie, met en sonder hulpbronne te beplan. <p>Metode van Aflewering: Voltyds</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: MTED321	Semester 2	8 Krediete	NKR-Vlak: 6
Titel: Meganiese Tegnologiemetodiek Na afloop van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • te begryp hoe Meganiese tegnologie op sosiale gebied 'n bydrae lewer ter bevordering van die skep van 'n kultuur van menseregte, ekonomiese groei, entrepreneurskap, volhoubaarheid, verbetering van lewenskwaliteit en verskaffing van oplossings in reaksie op individuele- en gemeenskapsbehoefes; • probleme in 'n Meganies Tegnologiese omgewing te kan identifiseer en oplos deur onder andere kritiese en kreatiewe denke, sowel as innovering en oorspronklikheid te gebruik ten einde die kreatiewe potensiaal van die leerders te ontwikkel; en • effektief te kan kommunikeer deur gebruik te maak van verbale, geskrewe, visuele, grafiese en elektroniese kommunikasie, asook wetenskaplike en wiskundige vaardighede soos toepaslik vir Meganiese Tegnologie. 			
Metode van Aflewering: Voltyds Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %			

Modulekode: MTED421	Semester 2	8 Krediete	NKR-Vlak: 6
Titel: Meganiese Tegnologiemetodiek Na afloop van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • aktiwiteite met verantwoordelikheid te kan organiseer en bestuur, en inligting effektief en krities te kan versamel, analiseer, organiseer, evalueer en voorstel; • wetenskap en tegnologie effektief, kreatief en verantwoordelik te kan gebruik, met inagneming van die omgewing en die regte en gesondheid van ander, met spesifieke verwysing van die bestuur van die impak van Meganiese Tegnologie op natuurlike hulpbronne, kulturele waardes en sosio-ekonomiese ontwikkeling; • 'n begrip vir etiese oorwegings, waardes en gesindhede wat verband hou met Meganiese Tegnologie te demonstreer; en • voldoende bevoegdhede te demonstreer om kennis en vaardighede wat in die voorafgaande modules verwerf is te kan integreer in die samestelling en aanbieding van 'n Meganiese Tegnologieopvoedingsprojek. 			
Metode van Aflewering: Voltyds, SBO Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %			

Modulekode: NFPD121	Semester 2	8 Krediete	NKR-Vlak: 5a
Titel: Gesyferdheidmetodiek Na afloop van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van probleemidentifikasie, kritiese en kreatiewe probleemoplossing en strategieë te hê en kan toepas asook die teorie en praktiese implementering van getalle, bewerkings, patrone en vorme tydens les aanbiedings; • die vaardigheid te besit om probleme te identifiseer, analiseer en strategieë te ontwikkel om effektiewe kommunikasie in die klaskamer toe te pas; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teorie bo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddele; en • om op 'n eties-verantwoordbare manier die basiese beginsels van gesyferdheid in die klaskamer kan demonstreer en met leerders en gemeenskap kan kommunikeer. 			
Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %			

Modulekode: NFPD211	Semester 1	8 Krediete	NKR-Vlak: 5b
<p>Titel: Gesyferdheidmetodiek</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n stewige en sistematiese kennisbasis van hoe om konsepte, beginsels, en teorieë van die volgende: bewerkings, plekwaarde, breuke en geometrie tydens die didaktiese aanbieding van leer in gesyferdheid in die Grondslagfase te kan implementeer en demonstreeer; • die vaardigheid en aanleg om probleemoplossings-tegnieke, verwante prosedures, terminologieë en strategieë te ontwikkel rakende bogenoemde temas sodat effektiewe, verantwoordelike kommunikasievaardighede in die klaskamer kan plaasvind; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse tydens praktiese sessies binne die konteks van die teorie bo genoem, verwerf deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddele; en • om op 'n eties-professionele manier die basiese waardes van gesyferdheid wat vereis word in die klaskamer kan demonstreeer en met leerders en die gemeenskap kan kommunikeer. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: NFPD311	Semester 1	8 Krediete	NKR-Vlak: 6
<p>Titel: Gesyferdheidmetodiek</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en deeglike sistematiese kennis te hê van probleem identifikasie, kritiese kreatiewe probleemoplossings en strategieë kan toepas in meting, data-hantering, grafieke en waarskynlikheid tydens praktiese les-aanbiedings; • om verskillende vaardighede te besit om didaktiese kennis in 'n verskeidenheid leerstrategieë te kan ontwikkel en implementeer sodat dit tot effektiewe kommunikasie in die klaskamer kan lei; • om verdere geïntegreerde toepassings in kennis en bevoegdhede rakende die beplanning en implementering van geskikte onderrig-strategieë ontwikkel sodat dit geskik is vir die verskeidenheid leerders in die klaskamer; en • om op 'n eties-verantwoordbare professionele manier sy eie idees en opinies in goed gestruktureerde argumente te kan demonstreeer. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: NFPD421	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 6
Titel: Gesyferdheidmetodiek Na afloop van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • 'n volwaardige kennis en begrip te toon van hoe om koöperatiewe leer in Gesyferdheid in Grondslagfase te verhoog asook om deur navorsing, leerders toe te rus met kennis om die impak van die omgewing op Gesyferdheid te kan hanteer; • die vaardigheid te besit om probleme te identifiseer, te analiseer, en strategieë te ontwikkel om leerders met spesifieke probleme te help; • die geïntegreerde toepassing van kennis en vermoëns om navorsing in Gesyferdheid te doen effektief te kan toepas sodat onderrig kan plaasvind; • die eties-professionele waardes wat vereis word in Gesyferdheid in die klaskamer en gemeenskap kan demonstreer. 			
Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %			

Modulekode: NFPF111	Semester 1	8 Krediete	NKR-Vlak: 5a
Titel: Gesyferdheid: Inleiding tot Fundamentele Wiskunde Na afloop van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van die leer van wiskunde, die noodsaaklikheid van hoër orde denke om wiskunde te verstaan en om probleme (in konteks) op te los en te verstaan wat wiskunde (<i>i.e.</i> getalbegrip, klassifisering, tel en ons tiendelige getalstelsel) is; • wiskunde met vertroue, in konteks deur middel van lewenswerklike probleemoplossing in die grondslagfase te kan onderrig/fasiliteer; skoolleerders se metodes/strategieë, modelle en voorstellinge te kan interpreteer en assesser; en • met vertroue in sy/haar eie wiskunde kennis leerteorieë te kan toepas; en alle skoolleerders te kan begelei om die regte houdings en waardes teenoor die leer van wiskunde te koester. 			
Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %			

Modulekode: NFPF221	Semester 2	8 Krediete	NKR-Vlak: 5b
<p>Titel: Gesyferdheid: Fundamentele Konsepte in Getalle en Getalpatrone</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n diepte kennis en insig te demonstree ten opsigte van die betekenisstruktuur van telgetal- sowel as breuke-algoritmes, voorstelling van breuke, benadering en toepassing van die vier hoofbewerkings, telgetalle sowel as breuke, bou op betekenisvolheid van skatting en die vier hoofbewerkings en leerders se probleme te kan voorspel; in konteks (lewenswerklike probleme) deur middel van probleemoplossing in die grondslagfase te kan onderrig/fasiliteer, skoolleerders se metodes/strategieë te kan interpreteer en assesseer; met vertroue in sy/haar eie wiskundekennis leerteorieë te kan toepas, alle moontlike oplossings vir werklikheidsgetroue probleme te kan fasiliteer; • alle skoolleerders te kan begelei om die regte houdings en waardes teenoor die leer van wiskunde te koester; en • te demonstree hoe en waar om tegnologie (byvoorbeeld die sakrekenaar) te implementeer om wiskundige konsepte en vaardighede te ontwikkel. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: NFPF321	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 6
<p>Titel: Gesyferdheid: Verdere Fundamentele Konsepte in Getalle en Getalpatrone en Datahantering</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis en insigte te demonstree ten opsigte van die betekenisvolle uitbreiding van breuke (gewone en desimale), verhoudings en persentasies, wat leerders help om tegnieke te ontwikkel om werklikheidsgetroue probleme betekenisvolop te los; • grondige kennis en insigte te demonstree ten opsigte van datahantering en waarskynlikheid; • met vertroue in konteks (werklike lewe) en deur probleemoplossing in die grondslagfase te kan onderrig/fasiliteer, skoolleerders se metodes/strategieë te kan interpreteer en assesseer; • met vertroue in sy eie wiskundekennis leerteorieë te kan toepas, die oplos van werklikheidsgetroue probleme te kan fasiliteer; • alle skoolleerders te kan begelei om die regte houdings en waardes teenoor die leer van wiskunde te koester; en • te demonstree hoe en waar om die sakrekenaar te implementeer om wiskundige konsepte en vaardighede te ontwikkel. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: NFPF411	Semester 1	8 Krediete	NKR-Vlak: 6
<p>Titel: Gesyferdheid: Meting, ruimte en vorm</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • in diepte kennis en insig te demonstreer ten opsigte van meting, ruimte en vorm en leerteorieë (soos Van Hiele) rakende meetkunde; • met vertroue in konteks (werklikheidsgetroue) probleemoplossing in die grondslagfase te kan onderrig/fasiliteer, skoolleerders se metodes/strategieë en voorstellings (modelle, prente en diagramme) te kan interpreteer en assessee; • met vertroue in sy/haar eie meetkundekennis leerteorieë te kan toepas en werklikheidsgetroue probleme se oplossings te kan fasiliteer; alle skoolleerders te kan begelei om die regte houdings en waardes teenoor die leer van meetkunde te koester; en • te demonstreer hoe en waar om toepaslike rekenaarprogramme te implementeer om meetkunde konsepte en -vaardighede te ontwikkel. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: PHSD321	Semester 2	8 Krediete	NKR-Vlak: 6
<p>Titel: Fisiese Wetenskappemetodiek: VOO-fase</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van die volgende: Die Fisiese Wetenskappe-onderwyser; Beleidsdokumente van toepassing op Fisiese Wetenskappe; Bemeestering van Fisiese Wetenskappe; Die Wetenskaplike metode van ondersoek; • probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los asook om aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddele gebruik te maak; • 'n waardering te demonstreer vir die eties-professionele vereistes en verantwoordelikhede wat daar gestel word aan 'n Fisiese Wetenskappe-onderwyser. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 %, 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: PHSD411	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 6
<p>Titel: Fisiese Wetenskappemetodiek: VOO-fase</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis van die volgende: Fundamentele begrippe, struktuur en logiese ontwikkeling en samehang van die Fisiese Wetenskappe; Toepassing van inhoude en begrip in Fisika en Chemie in die onderrig van Fisiese Wetenskappe volgens die Nasionale Kurrikulum Verklaring; Beplanning (vakraamwerk, werkskedule en lesplan); Assessering; Onderrigmedia; • probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los, te integreer met verwante dissiplines asook om aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë, beginsels en reëls binne die temas ondersteun; om insig te toon in skool leerders se alternatiewe verstaan van konsepte in die Fisiese Wetenskappe en om sy/haar onderrigstrategieë aan te pas om dit te hanteer. • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddele gebruik te maak; • 'n waardering te demonstreer vir die filosofiese-, etiese-, morele- en omgewingsperspektiewe en dit toe te pas in kontemporêre sake verwant aan die module uitkomst. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 %, 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: PHSE111	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 5a
<p>Titel: Onderwys Fisiese Wetenskappe: Basiese Chemiese Beginsels</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennis van die volgende temas in Fisiese Wetenskappe te demonstreer: aard van chemie, klassifikasie, eienskappe en meting van materie, elemente en verbindinge, stoïgiometrie, chemiese reaksies en analitiese chemie. • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddele gebruik te maak; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennissteme speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Fisies-wetenskaplike inhoude te openbaar. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 %, 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: PHSE121	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 5a
<p>Titel: Onderwys Fisiese Wetenskappe: Inleiding Meganika en Optika Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • uitkoms vir kennis: basiese kennis te demonstreer van beweging, die wette van beweging, die energie geassosieer met beweging en die weerkaatsing en breking van lig; • uitkoms vir vaardighede: praktyk relevante probleme te identifiseer en op te los wat verband hou met die beweging van voorwerpe en die weerkaatsing en trekking van lig; • uitkoms vir bevoegdhe: 'n probleemoplossende benadering te volg in die beplanning en uitvoering van lesse en praktika in die konteks van bogenoemde inhoude deur die gebruik van toepaslike tegnologie; • uitkoms vir waardes en etiese optrede: waardering te demonstreer vir die bydrae van inheemse kennissisteme tot die Fisiese Wetenskappe en 'n etiesverantwoordbare houding jeens Fisies-wetenskaplike inhoude. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: PHSE211	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 5b
<p>Titel: Onderwys Fisiese Wetenskappe: Gevorderde Meganika en Elektrisiteitsleer Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • uitkoms vir kennis grondige kennis te demonstreer van Newton se universele gravitasiewet, rotasie beweging; elektrostatika en elektrodinamika; • uitkoms vir vaardighede: praktyk relevante probleme te identifiseer en op te los wat verband hou met gravitasie, die rotasiebeweging van liggame, elektrostatika en elektrodinamika; • uitkoms vir bevoegdhe: 'n probleemoplossende benadering te volg in die beplanning en uitvoering van lesse en praktika in die konteks van bogenoemde inhoude deur die gebruik van toepaslike tegnologie; • uitkoms vir waardes en etiese optrede: waardering te demonstreer vir die bydrae van inheemse kennissisteme tot die Fisiese Wetenskappe en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Fisies-wetenskaplike inhoude. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: PHSE221	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 5b
<p>Titel: Onderwys Fisiese Wetenskappe: Atoom-Struktuur en Chemiese Binding</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van die volgende temas in Natuurwetenskappe te demonstreer: atoomstruktuur, elektronkonfigurasie, chemiese binding, intermolekulêre kragte en fases van materie en organiese chemie; • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere van toepaslike tegnologiese hulpmiddele gebruik te maak; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennissteme speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Fisies-wetenskaplike inhoude te openbaar. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: PHSE311	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 6
<p>Titel: Onderwys Fisiese Wetenskappe: Beheer van Chemiese Reaksie</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige en sistematiese kennis van die volgende temas in Fisiese Wetenskappe te demonstreer: termodinamika en reaksiesnelheid, ewewig, sure, basisse en pH, elektrochemie; • sowel probleme binne die bogenoemde temas te identifiseer en op te los as aktiwiteite te beplan wat 'n omvattende begrip van die idees, teorieë beginsels en reëls binne die temas ondersteun; • probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teoretiese temas hierbo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddele; • 'n waardering vir die bydrae wat inheemse kennissteme speel in farmakologiese, bio-etiese kwessies rakende bogenoemde inhoud en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Fisies-wetenskaplike inhoude te openbaar <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: PHSE321	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 6
<p>Titel: Onderwys Fisiese Wetenskappe: Elektrisiteit en Magnetisme, Ossillasie en Golwe Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • uitkoms vir kennis: afgeronde en sistematiese kennis te demonstree van magnetiese velde en kragte, elektromagnetiese induksie, ossillasies en golwe, interferensie verskynsels en ligkwanta; • uitkoms vir vaardighede: praktyk relevante probleme te identifiseer en op te los wat verband hou met elektromagnetisme, ossillasies en golwe, interferensie verskynsels en ligkwanta; • uitkoms vir bevoegdhede: 'n probleemoplossende benadering te volg in die beplanning en uitvoering van lesse en praktika in die konteks van bogenoemde inhoude deur die gebruik van toepaslike tegnologie; • uitkoms vir waardes en etiese optrede: waardering te demonstree vir die bydrae van inheemse kennissisteme tot die Fisiese Wetenskappe en 'n eties-verantwoordbare houding jeens Fisies-wetenskaplike inhoude. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x3 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: PPSE211	Semester 1	8 Krediete	NKR-Vlak: 5b
<p>Titel: Pre-primêre Skool Opvoedkunde: Geletterdheid Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis, begrip en insig te demonstree ten opsigte van die holistiese ontwikkeling van die student in die voorskoolse fase en die daarstelling van die omgewing by die kleuterskool waar leerders maksimaal kan ontwikkel; • vaardigheid te besit om leer te fasiliteer in vroeë geletterdheid deur middel van stories, rympies en versies en kuns; • bevoeg te wees om die oplossings te vind indien leerders probleme ondervind in die verwerwing van taal, waar nodig; en • die waarde van die ontwikkeling van taal en kuns te beseef as deel van vroeë geletterdheid. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: PPSE221	Semester 2	8 Krediete	NKR-Vlak: 5b
Titel: Pre-primêre Skool Opvoedkunde: Wiskunde en Wetenskap Na afloop van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis, begrip en insig te demonstreer ten opsigte van die ontwikkeling van 'n tematiese kurrikulum; • vaardigheid te besit om syferkunde en wetenskaplike ervarings te fasiliteer vir jong leerders in die konteks van hulle ontwikkelingsvlak; • bevoeg te wees om die verskillende strategieë vir waarneming van leerders toe te pas; en • die algemene welstand van leerders deur middel van motoriese ontwikkeling, gesondheid en veiligheid te evalueer. 			
Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %			

Modulekode: PPSE411	Semester 1	8 Krediete	NKR-Vlak: 6
Titel: Pre-primêre Skool Opvoedkunde: Graad R Na afloop van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde kennis te hê van die ontwikkelings domeine van die voorskoolse kind en die pedagogiese implikasies daarvan; • vaardighede te openbaar vir die samestelling en aanbieding van alle komponente van die dagprogram; • bevoegdheid openbaar ten opsigte van verhoudings met kollegas, ouers en leerders met probleme; • toegerus te wees met 'n Internasionale perspektief van verskillende soorte voorskoolse inrigtings en die teoretiese begroning van programme. 			
Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %			

Modulekode: PPSE421	Semester 2	8 Krediete	NKR-Vlak: 6
Titel: Pre-primêre Skool Opvoedkunde: Organisasie en Administrasie Na afloop van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde kennis te hê van die geskiedenis van pre-primêre skole in die RSA; assessering, rekordering en rapportering; • vaardighede te openbaar om voorbereidende lees, skryf en spelling en gesyferdheid leeraktiwiteite te fasiliteer; • bevoegdheid openbaar tot samewerking met ouers en para professionele beroepe; en • kennis te openbaar ten opsigte van die oprigting, registrasie en administrasie van nuwe kleuterskole/Graad R-klasse. 			
Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %			

Modulekode: PRTC122	Semester 2	1 Krediet	NKR-Vlak: 5a
<p>Titel: Praktiese Onderwys</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n grondige kennis van die eerstejaar praktiese onderwys program beskik en daarvolgens optree; • begrip vir en 'n positiewe ingesteldheid jeens die bevordering van sport en kultuur, en die ontwikkeling van leerders in die verband ontwikkel het; • basiese kennis van en vaardighede ten opsigte van bewegingskunde, sportafrigting en kultuurverryking verwerf het; • in alle omstandighede eties verantwoordelik en waardegedrewe, op 'n vlak soos van 'n eerstejaar student verwag word, optree; en • kan reflekteer op die verloop van die PO sessies en sinvolle besluite op grond van die refleksie kan neem. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering in die eerste en tweede semester. Die student moet aan die vereistes voldoen. [Daar is nie punte nie. Daar word slegs 'n 'K' of "GK" (Krediet of geen krediet) toegeken]. Besoek skole (2 x 3 weke), klasbywoning, inhandiging van dokumentasie, slaag van 'n sportkursus.</p>			

Modulekode: PRTC123	Semester 2	1 Krediet	NKR-Vlak: 5a
<p>Titel: Praktiese Onderwys (Grondslagfase)</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n grondige kennis van die eerstejaar praktiese onderwys program beskik en daarvolgens optree; • begrip vir en 'n positiewe ingesteldheid jeens die bevordering van sport en kultuur, en die ontwikkeling van leerders in die verband ontwikkel het; • basiese kennis van en vaardighede ten opsigte van bewegingskunde, sportafrigting en kultuurverryking verwerf het; • in alle omstandighede eties verantwoordelik en waardegedrewe, op 'n vlak soos van 'n eerstejaar student verwag word, optree; • kan reflekteer op die verloop van die PO sessies en sinvolle besluite op grond van die refleksie kan neem; • basiese kennis en vaardighede van Setswana as kommunikasietaal in die skoolsituasie kan demonstreer; en • die Batswana taal en kultuur beter begryp om sodoende die multikulturele situasie in skole beter te verstaan en die nodige sensitiwiteit vir kultuurverskille openbaar. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering in die eerste en tweede semester. Die student moet aan die vereistes voldoen. [Daar is nie punte nie. Daar word slegs 'n 'K' of "GK" (Krediet of geen krediet) toegeken]. Besoek skole (2 x 3 weke), klasbywoning, inhandiging van dokumentasie, slaag van 'n sportkursus en 'n Tswana kursus.</p>			

Modulekode: PRTC222	Semester 2	1 Krediet	NKR-Vlak: 6
<p>Titel: Praktiese Onderwys</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor grondige kennis van die voorskrifte vir die jaarprogram, administrasie en gedragsriglyne vir die PO sessies van die tweede jaar beskik en daarvolgens optree; • basiese kennis van en vaardighede ten opsigte van kultuurverryking verwerf het; • basiese kennis en vaardighede bekom het oor die beginsels van dissipline-handhawing in die klaskamer en in staat is om dissipline-probleme te identifiseer en stappe kan te neem om dit op te los; • in alle omstandighede eties verantwoordelik en waardegedrewe op 'n vlak soos van 'n tweedejaar student verwag word kan optree; en • kan reflekteer op die verloop van die PO sessies en sinvolle besluite op grond van die refleksie kan neem. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering in die eerste en tweede semester. Die student moet aan die vereistes voldoen. [Daar is nie punte nie. Daar word slegs 'n 'K' of "GK" (Krediet of geen krediet) toegeken]. Besoek skole (2 x 3 weke), klasbywoning, inhandiging van dokumentasie, slaag van dissiplinemodule en 'n kultuurkursus.</p>			

Modulekode: PRTC322	Semester 2	1 Krediet	NKR-Vlak: 7
<p>Titel: Praktiese Onderwys</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor grondige kennis van die voorskrifte vir die jaarprogram, administrasie en gedragsriglyne vir die PO sessies van die derde jaar beskik en daarvolgens optree; • selfstandig in staat is om dissipline-probleme te identifiseer en stappe te kan neem om dit op te los en sodoende eiehandig 'n klasklimaat bevorderend vir onderrig en leer kan skep; • deeglike kennis van die administratiewe en bestuurs eise wat aan onderwysers gestel word verkry het; • in alle omstandighede eties verantwoordelik en waardegedrewe op 'n vlak soos van 'n derdejaar student verwag word kan optree; en • kan reflekteer op die verloop van die PO sessies en sinvolle besluite op grond van die refleksie kan neem. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering in die eerste en tweede semester. Die student moet aan die vereistes voldoen. [Daar is nie punte nie. Daar word slegs 'n 'K' of "GK" (Krediet of geen krediet) toegeken]. Besoek skole (1 x 2 weke waarneming by 'n kleuterskool van hul keuse, 1 x 3 weke en 1 x 4 weke), inhandiging van dokumentasie en bemeestering van algemene organisasie- en administrasiebeginsels van skoolaktiwiteite.</p>			

Modulekode: PRTC422	Semester 2	1 Krediet	NKR-Vlak: 7
<p>Titel: Praktiese Onderwys</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor grondige kennis van die voorskrifte vir die jaarprogram, administrasie en gedragsriglyne vir die PO sessies van die vierde jaar beskik en daarvolgens optree; • selfstandig in staat is om dissipline-probleme te identifiseer en stappe te kan neem om dit op te los en sodoende eiehandig 'n klasklimaat bevorderend vir onderrig en leer kan skep; • deeglike kennis van die administratiewe en bestuurs eise wat aan onderwysers gestel word verkry het; • in alle omstandighede eties verantwoordelik en waardegedrewe op 'n vlak soos van 'n vierdejaar student verwag word kan optree; • kan reflekteer op die verloop van die PO sessies en sinvolle besluite op grond van die refleksie kan neem; • basiese kennis verwerf oor die pligte van 'n mentor; en • tydens Praktkykdag: <ul style="list-style-type: none"> ○ kennis bekom het oor die praktiese aspekte van skole met 'n multikulturele opset; ○ kennis bekom het van die wyse waarop die skool in die provinsiale departementele opset inpas en funksioneer; ○ die rol en funksie van die "SAOR" begryp en begin het met die registrasieproses; ○ tydens die besoek aan 'n Omgewingsopvoedingsentrum; ○ kennis bekom oor die doel en funksionering van 'n omgewingsopvoedingsentrum; ○ ingelig wees hoe om die organisasie rondom 'n besoek aan so 'n sentrum waar te neem; en ○ kennis bekom van die verantwoordelikhede van 'n onderwyser as hy/sy leerders na 'n omgewingsopvoedingsentrum vergesel. <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering in die eerste en tweede semester. Die student moet aan die vereistes voldoen. [Daar is nie punte nie. Daar word slegs 'n 'K' of "GK" (Krediet of geen krediet) toegeken]. Besoek skole (SNR en VOO fase 1 x 2 weke waarneming by 'n skool van hul keuse, 1 x 3 weke en 1 x 3 weke), klasbywoning inhandiging van dokumentasie en bemeestering van algemene beginsels van mentorskap.</p>			

Modulekode: RESF411	Semester 1	8 Krediete	NKR-Vlak: 6
<p>Titel: Navorsing in Opvoedkunde</p> <p>Na voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om op grond van 'n basiese kennis van en insig in Opvoedkundige Navorsing te demonstreeur deur probleemidentifikasie en omskrywing van die navorsingsproses; vaardigheid in die gebruik van inligtingstechnologie om inligting te ontsluit; op grond van hul verstaan van die basiese aannames van onderskeidelik die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenaderings en metodes 'n toepaslike metode vir die ondersoek van 'n geïdentifiseerde probleem te selekteer en 'n toepaslike navorsingsvoorstel te skryf vir die doeleindes van 'n praktiese navorsingsopdrag.</p> <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: RESF421	Semester 2	8 Krediete	NKR-Vlak: 6
<p>Titel: Navorsingsprojek</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <p>Met hierdie module moet leerders hulle kennis van en vaardighede in navorsing demonstreeur deur middel van 'n grondige kennis van die vakteorie en vakdidaktiese beginsels om sodoende die navorsingsprobleem van RESF 411 prakties te ondersoek deur die toepassing van 'n toepaslike navorsingsontwerp en -metode. Die module impliseer die ontsluiting en insameling van relevante inligting, die organisering en kritiese ontleding van inligting ten einde 'n navorsingsverslag van beperkte omvang te skryf. As finale assessering van die module geld die eksaminering van die navorsingsverslag en nie die aflê van 'n skriftelike eksamen nie.</p> <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Modulekode: RSTO421	Semester 2	8 Krediete	NKR-Vlak: 6
<p>Titel: Religieuse Studies: Inleiding tot Wêreldgodsdienste</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis te demonstreeur van die konsepte, beginsels en teorieë wat die nasionale beleid en kurrikulum van Religieuse Studies onderlê en in staat wees om die dokumente toe te pas op onderrig en leer op skool. • temas relevant vir die verstaan en vergelyking van 'n verskeidenheid religieë te identifiseer, krities en konstruktief te reflekteer op kernvraagstukke relevant vir die diverse religieuse gemeenskap van Suid-Afrika en die verkreë insig toe te pas om probleme in hierdie studieveld op te los • inligtingsherwinnings- en -verwerkingsvaardighede te implementeer om navorsing te doen oor religie as 'n sosiale verskynsel en die resultate volgens aanvaarbare formaat in skriftelike en mondelinge vorm weer te gee met die effektiewe gebruik van tegnologiese <p>Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO</p> <p>Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %</p>			

Module Code: SECF122	Semesetara 2	8 Credits	Tekanyo Ya NQF: 5a
Title: Setswana Tlhaeletsana Ya Setswana (M) Morago ga go fetsa mojulu o, baithuti ba tshwanetse go: <ul style="list-style-type: none"> • supa motheo wa kitso ya melao ya mopeleto mo Setswaneng jaaka puo; • supa bokgoni jwa go tlhama ditiragatso tse di nonofisang bokgoni jwa puo jwa baithuti ba kwa sekolong; • supa motheo wa kitso ya teori ya ga Roman Jakobson le go e dirisa mo tlhaeletsanong ya letsatsi le letsatsi le mo sekolong; • supa motheo wa kitso sa Batswana mo setšhabeng sa setsontsi; • supa bokgoni jwa go dirisa teori ya bokgoni jwa go reetsa le go bua. MOKGWA WA GO RUTA: Full-time, MoA AROS, MoA Cedar College, MoA NIHE MEKGWA YA GO TLHATLHOBA: Tlhatlhobo e e tswelelang 50 % Diura tsa tlhatlhobo e e kwadiwang 1x2 ke 50 %			

Modulekode: SECF123	Semester 2	8 Krediete	NKR-Vlak: 5a
Title: Setswana Kommunikasie (NM) Na afloop van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • kennis toon van basiese skoolwoordeskat, funksies, grammatika en vaardighede van Setswana en kennis op te bou oor verskeie aspekte van die Batswana kultuur en in Setswana te kan kommunikeer by die skool; • die basiese woordeskat, funksies, grammatika en vaardighede so bemeester het om dit aan te kan wend om bevele, versoeke en basiese dialoë in die skoolomgewing te kan vorm; • 'n basiese lees-, luister-, skryf- en praatvaardigheid van Setswana te hê binne die skoolsituasie; en • Batswana taal en kultuur begryp om sodoende die multikulturele situasie by skole beter te kan verstaan en hanteer en eties korrek te kan optree in die onderrigsituasie met die nodige sensitiviteit vir kultuurverskille. Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %			

Module Code: SECF412	Semesetara 1	8 Credits	Tekanyo Ya NQF: 6
Title: Setswana Tlhaeletsana Ya Setswana (M) Morago ga go fetsa mojulu o, baithuti ba tshwanetse go: <ul style="list-style-type: none"> • supetsa bokgoni jwa go tlhaeletsana ka matsetseleko mo mabakeng a a farologaneng; • supa kitso e e lotaganeng ya teori ya thekesonomi ya ga Bloom le go e dirisa mo dithutong tsa sekolo tse farologaneng. • supa kitso e e lotaganeng ya setso sa Batswana mo togamaanong ya setšhaba se setsontsi. MOKGWA WA GO RUTA: Full-time, MoA AROS, MoA Cedar College, MoA NIHE, SBO MEKGWA YA GO TLHATLHOBA: Tlhatlhobo e e tswelelang 50 % Diura tsa tlhatlhobo e e kwadiwang 1x2 ke 50 %			

Modulekode: SECF413	Semester 1	8 Krediete	NKR-Vlak: 6
Title: Setswana Kommunikasie (NM) Na afloop van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • verdere kennis toon van woordeskat, funksies, grammatika en vaardighede van Setswana en kennis op te bou oor verdere aspekte van die Batswana kultuur en kommunikasie by die skool; en te kan toon dat dit gebruik kan word. • die verdere woordeskat, funksies, grammatika en vaardighede so bemeester het om dit aan te kan wend om verdere bevels, versoeke en basiese dialoë in die skoolomgewing te kan vorm en te kan toon dat dit gebruik kan word. • 'n bekwame lees-, luister-, skryf- en praatvaardigheid van Setswana te hê binne die skoolsituasie; • Batswana taal en kultuur begryp om sodoende die multikulturele situasie by skole beter te kan verstaan en hanteer en eties korrek te kan optree in die onderrigsituasie met die nodige sensitiwiteit vir kultuurverskille. 			
Metode van Aflewering: Voltyds, SWO-AROS, SWO-CEDAR Kollege, SWO-NIHE, SBO			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % 1x2 uur geskrewe eksamen 50 %			

Module Code: SEMD211	Semesetara 1	8 Credits	Tekanyo Ya NQF: 5b
Title: Setswana Didaktiki ya Setswana (M) Morago ga go fetsa mojulu o, baithuti ba tshwanetse go: <ul style="list-style-type: none"> • supetsa kitso e e tletseng ya teori ya OBE mo phaposiborutelong; • supetsa mekgwa ya go ruta le go ithuta puo ya SeAforika mo phaposiborutelong; • rulaganya le go diragatsa maitemogelo a thuto mo mophatong o o rileng. • supetsa go tihaloganya dikarolo tse supa tsa morutabana. • tihama ditiragatso tsa go ithutela go nonofisa bokgoni jo bo farologaneng jwa puo; le • supetsa pharologanyo magareng a puo ya gae, puo ya bobedi le ya boraro. 			
MOKGWA WA GO RUTA: Full-time			
MEKGWA YA GO TLHATLHOBA: Tihatlhobo e e tswelolang 50 % Diura tsa tihatlhobo e e kwadiwang 1x2 ke 50 %			

Module Code: SEMD321	Semesetara 2	8 Credits	Tekanyo Ya NQF: 6
Title: Setswana Didaktiki ya Setswana (M) Morago ga go fetsa mojulu o, baithuti ba tshwanetse go: <ul style="list-style-type: none"> • Go supetsa kitso e e tletseng e e rulaganeng ya mekgwa le ditsela tse di farologaneng tsa tekanyetso; • Go supetsa go tihoganya tiriso le tiragatso ya maemo a tekanyetso mo phaposiborutelong jwa thuto ya puo; • Supetsa bokgoni jwa go tihama le go tshola direkoto tsa tsotlhe tsa tekanyetso; • Go supetsa bokgoni jwa rulaganya le go tihama ditiragatso tse di nonofisang bokgoni jwa go akanya le go neela mabaka; le • Go supetsa bokgoni jwa go tihaeletsana ka Setswana se se siameng. 			
MOKGWA WA GO RUTA: Full-time			
MEKGWA YA GO TLHATLHOBA: Tihatlhobo e e tswelolang 50 % Diura tsa tihatlhobo e e kwadiwang 1x2 ke 50 %			

Module Code: SEMD411	Semesetara 1	16 Credits	Tekanyo Ya NQF: 6
